



# Bid vir die mediese professie

---

Die hele mediese bedryf is geweldig kompleks, baie interessant, en het baie nodig: dit sluit in die privaatsektor en ook die openbare sektor. Daar werk 'n groot verskeidenheid personeel by hospitale: dokters, verpleegpersoneel, teaterpersoneel, ambulanspersoneel, skoonmakers, narkotiseurs, spesialiste en administratiewe personeel. Baie van hierdie mense werk dikwels baie lang skofte. Vir baie is dit moeilik om die druk te hanteer. Die volgende punte dien as beginsel riglyn om vir hulle te bid.

**1.Skofte.** Mediese personeel werk gewoonlik 12 uur skofte. Dit beteken hulle moet byvoorbeeld voor seweur soggens aan diens wees om by die nagpersoneel oor te neem, en die nagpersoneel voor seweur saans om by die dagpersoneel oor te neem. Dokters werk ook baie lang ure. Dikwels is hulle op roep, wat beteken dat hulle in 'n noodgeval bo en behalwe die gewone ure wat hulle werk, ingeroep kan word.

- *Bid vir hulle vir helderheid van verstand, om altyd die regte besluite te neem, voorskrifte te skryf en in noodgevalle, vinnig en sekuur te kan optree.*
- *Bid vir deursettingsvermoë om lang skofte te deurstaan en vol te hou.*
- *Bid vir meer mediese personeel vir hierdie beroep om sodoende verligting te bring in die aantal pasiënte wat deur een medies gekwalifiseerde persoon versorg moet word in Suid-Afrika.*

Proklameer/Bid: *Kolossense 1:11-12 Mag God deur sy wonderbare krag julle alle sterkte gee om in alle omstandighede geduldig te volhard. Met blydschap moet julle die Vader dank wat julle geskik gemaak het om deel te hê aan die erfenis wat vir die gelowiges wag in die ryk van die lig.*

**2.Narkotiseurs.** Van alle mediese personeel, is dit narkotiseurs wat die meeste selfmoord probeer pleeg. Die uitdagings en spanning wat hul spesifieke verantwoordelikheid meebring is ongekend. In een hospitaal in die land sê die leidende narkotiseur dat hul eintlik 90 personeellede nodig het om daardie spesifieke hospitaal se daaglikse kwota operasies te kan hanteer, maar dat daar slegs 40-50 personeel is. Dit beteken dat meeste van hulle so moeg is om ekstra ure te werk, dat in baie gevalle net nood-operasies gedoen kan word. Dit het al gebeur dat mense sterf omdat hulle moes wag vir 'n dringende operasie.

- *Bid spesifiek vir narkotiseurs, vir hul uithouvermoë en om ten alle tye effektief te wees in die teater.*

- *Bid vir hul gesondheid en gesinslewendes wat dikwels aan die kortste end trek.*
- *Bid vir meer jongmense om hulself te kwalifiseer in die mediese beroep, veral om as narkotiseurs en teaterpersoneel in die ongevalle afdeling te dien, asook ander areas in die mediese bedryf waar daar baie nood en behoefte is.*

Proklameer/Bid: Galasiërs 6:9 *Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel.*

**3.Stres.** Om die healtyd met mense te werk wat siek is, pyn beleef of sterf, is 'n groot uitdaging en ook baie spanningsvol.

- *Bid vir alle personeel wat werksaam is in hospitale om genoeg tyd te hê om goed uit te rus in hul rustye, gesond te eet, gesond te leef, en ook om hul werk en lewe te geniet.*
- *Bid vir hul gesondheid en beskerming waar hul dikwels mense help met aansteeklike siektes soos MIV/VIGS, asook hul blootstelling aan chemikalieë en gasse soos die wat gebruik word in teaters om pasiënte onder narkose te plaas.*

Proklameer/Bid: Spreuke 3:5-6 *Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.*

**4.Befondsing.** Een van die grootste uitdagings in die mediese bedryf is befondsing. Die aanvraag en behoefte van mense in nood vir mediese behandeling is baie groter as die beskikbaarheid van mediese dienste en materiaal. Eenvoudige en basiese mediese materiaal bv. inspuittings en naalde wat bestel word, is nie altyd van die beste gehalte of presies reg vir die spesifieke tipe inspuittings wat pasiënte moet kry nie. Baie keer kan die regte toerusting vir 'n spesifieke geval nie bekostig word nie, en moet die beste gemaak word van wat beskikbaar is. Soms word bestellings geplaas maar dit word nie betyds afgelewer nie, en die operasies en behandeling moet noodgedwonge voortgaan met wat beskikbaar is. Al hierdie dinge is frustrerend vir personeel wat net hul taak wil doen, terwyl daar alreeds 'n tekort aan personeel is.

- *Bid vir 'n fokus op die mediese bedryf wat hierdie sake sal aanspreek.*
- *Bid vir die nodige befondsing vir die voorsiening van basiese mediese materiaal en middele.*
- *Bid veral vir die opgradering van bestaande hospitale om die gebruik van nuwe toerusting in te sluit wat die werk en druk op personeel vergemaklik en verlig.*

Proklameer/Bid: 2 Korintiërs 9:8 *En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk.*

**5. Nuwe hospitale.** Die ontwikkeling van nuwe mediese apparaat, teater apparaat, bestralingsapparaat ens. ontwikkel wêreldwyd baie vinnig. Dit vergemaklik en verkort operasies en operasie tye. Nuwe metodes maak dat infeksies beter beheer word en die herstelstryd van pasiënte verkort kan word.

- *Bid vir beleggers in die bou van nuwe moderne hospitale, vir streng en behoorlike bestuur en hoogs opgeleide personeel.*
- *Bid vir goedkeuring vir die invoer van nuwe mediese toerusting, opleiding om dit te gebruik en vir Suid-Afrika om self ook te kan bydra tot navorsing en ontwikkeling van nuwe hulpmiddels.*
- *Bid veral ook vir bestaande hospitale om nuwe toerusting te ontvang wat personeel in staat sal stel om beter diagnoses te maak. Dit sluit apparaat in soos outomatiese bloeddrukmeters, monitors, afstandbeheerde apparaat, radio-aktiewe bestralingsmasjiene ens.*

Proklameer/Bid: Filippense 4:6 *Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.*

**6. Trauma.** Dit gebeur dikwels dat die nodige bestraling vir kanker pasiënte nie effektief gedoen kan word nie omdat gedeeltes van die masjiene skukkend is, of gediens word. Sommige noodgevälle vereis sulke toerusting en in sommige openbare hospitale is hierdie apparaat nie in werkende toestand nie of daar is nie genoeg opgeleide personeel om met hierdie apparate te werk nie. Hierdie situasies veroorsaak meer trauma vir persone wat alreeds geweldig getraumatiseer is.

- *Bid vir Christene om gereeld in hospitale te gaan bid en mense te gaan vertroos wat getraumatiseer is deur hul siekte, asook die situasie in die hospitale.*

Proklameer/Bid: Deuteronomium 31:6 *Hou moed en wees dapper! Moenie bang wees nie, moenie vir hulle skrik nie, want die Here julle God gaan saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat nie, julle nie alleen laat nie."*

## **7. Algemene sake.**

- *Bid dat daar effektief by skedules gehou kan word, dat personeel hul taak doelgerig kan uitvoer, dat materiaal nie onnodig vermors word nie en dat meter-lesings 100% akkuraat geneem sal kan word om verkeerde diagnoses te voorkom.*
- *Bid ook vir gereelde besoeke en ondersoeke deur die Mediese raad en die regering om na die werklike situasie in sekere hospitale ondersoek in te stel.*

- *Bid ook veral dat meer fondse beskikbaar gemaak sal word in openbare hospitale om mense wat swaarkry effektief te kan behandel sonder dat hulle voel dat hulle afgeskeep word.*

Proklameer/Bid: Jesaja 41:10 *Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou.*

**8. Gaan bid by 'n hospitaal of kliniek.** Dit is ongelukkig nie oral meer toelaatbaar om by 'n hospitaal of kliniek te gaan bid nie. Dit beteken egter nie dat jy nie kan gaan bid nie, veral as jy iemand besoek wat jy ken. Niks verhoed jou om terselfdertyd vir ander persone in die kamer te bid nie! Daar is bitter min plekke waar 'n mens geheel en al verbied sal word om te gaan bid. Laat die Heilige Gees jou lei, en gaan na die plekke en persone waarheen Hy jou lei. Daar is meer plekke waar ons kan gaan bid as net by hospitale. Daar is byvoorbeeld verskeie nasorg hospitale waar pasiente aansterk na 'n operasie. Jy kan gaan bid by kindersale, of waar pasgebore babas gehou word (jy hoef nie in te gaan nie), of by klinieke waar mense chemoterapie ontvang. Die Here kan wonderwerke doen as ons in vrymoedigheid en geloof uitstap en vir die siekes gaan bid!

Proklameer/Bid: Lukas 8:50 *Maar Jesus het dit gehoor en sê vir hom: "Moet jou nie ontstel nie. Glo net, en sy sal gered word."*